# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.:554/2003***
***DATUM:17-10-2003***

In die Hersieningsuitspraak van:

**DIE STAAT**

teen

**THOMAS ARENDSE**

***CORAM:*** LACOCK R et WILLIAMS R

## *U I T S P R A A K*

**WILLIAMS R:**

Die beskuldigde het in die Landdroshof vir die distrik Gordonia, gehou te Upington skuldig gepleit aan ‘n aanklag van diefstal van 9 koolkoppe ter waarde van R50,00.

Die landdros het die bepalings van Artikel 112(1)a) van die Strafproseswet, 51 van 1977 toegepas en daarna die beskuldigde gevonnis tot drie (3) maande gevangenisstraf, opgeskort vir drie (3) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan die misdryf diefstal gepleeg gedurende die periode van opskorting nie.

Hierdie saak dien nou op spesiale hersiening voor ons vanaf die senior landdros te Upington. Sy gee tereg toe dat die opgeskorte vonnis nie regtens geoorloof is ingevolge Artikel 112(1)a) van die

Strafproseswet nie en versoek sy dat dit tersyde gestel moet word. Hierdie toegewing is heeltemal korrek gemaak in die omstandighede.

In die omstandighede word die skuldigbevinding bekragtig, maar die vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:
**'n Boete van R300,00 of drie (3) maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir drie (3) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal gepleeg gedurende die periode van opskorting nie.**

________________________

C.C WILLIAMS
REGTER

Ek stem saam.

_________________________

H.J LACOCK
REGTER